Sentrum vir
GRONDWETLIKE
REGTE

REGSBEAMPTE

Die Sentrum vir Grondwetlike Regte (SGR), gebaseer in Kaapstad, verlang die dienste van 'n Regsbeampte.

Die Regsbeampte sal aan die Direkteur van die SGR verslag doen en sal vir die volgende pligte verantwoordelik wees:

- Die uitvoer van regsnavorsing met betrekking tot grondwetlike aangeleenthede;
- Help met die opstel van regsmenings;
- Monitering en assessering van die grondwetlikheid van konsepwetgewing en beleide;
- Help met die voorbereiding van geskrewe en mondelinge voorleggings aan die parlementêre portefeulje- en gekose komitees;
- Monitering, assessering en verslagdoening oor sake en beslissings wat met die Grondwet verband hou;
- Help met die produksie van die SGR se publikasies;
- Hantering van grondwetlike navrae en die verspreiding van inligting;
- Deelname aan vergaderings, konferensies en seminare;
- Steun aan die Direkteur van die SGR betreffende die uitvoering van die SGR se mandaat;
- Bestuur van administratiewe aangeleenthede betreffende die SGR in samewerking met die Stigting; en
- Uitvoering van pligte soos benodig.

Vereiste kwalifikasies en ervaring:

- 'n BA-graad in Regte met 1 - 2 jaar ervaring, verkieslik op die gebied van Staatsreg (dit sal tot jou voordeel wees indien jy besig is met 'n Meestersgraad);
- Vermoë om duidelike, gesaghebbende en professionele artikels en voorleggings in Engels te skryf, 'n vereiste;
- Begrip van en belangstelling in die teorieë, konsepte en benaderings betreffende Staatsreg, 'n sterk voordeel;
- Vertroudheid met substantiewe gebiede soos aktuele sake, politieke wetenskap en parlementêre prosedure, hoogs aanbeveel;
- Ervaring met die analisering van beslissings en die opstel van saakbesprekings, 'n sterk aanbeveling; en
- Ervaring in kantooradministrasie, 'n voordeel.
- Kandidaat moet ten volle tweetalig in Engels en Afrikaans wees.

Aansoeke, met 'n kort CV, moet teen 31 Mei 2016 aan info@cfcr.org.za gestuur word. Vir meer inligting oor die SGR, besoek gerus www.cfcr.org.za